

27 Oktober

Deuteronomium 8:1-5

(Teks: 8:3)

Swaar tye vol sin

Om die etenstafel gaan dit oor meer as kos.

Dis ook 'n plek waar ons ons kinders opvoed.

Die manna wat Israel in die woestyn kon eet was ook nie net kos vir die liggaam nie. Die hele woestynlewe, en die Here wat manna voorsien, was soos 'n preek-deel van 'n leerproses. Israel moes leer: 'n Mens leef nie net van brood nie, maar van elke woord uit die mond van die Here. In die woestyn moes Israel leer om gehoorsaam op Hom te vertrou.

Israel was nie baie lief vir die manna nie. Op 'n keer het hulle sterk terugverlang na Egipte se groentes en vrugte (Numeri 11:4-6).

Die manna moes egter die les leer: Al gaan dit nie so voorspoedig soos julle graag wil hê nie; die Here sorg vir julle.

Die Here wil deur die eeue vir die wêreld en vir ons sorg. Tydens teenspoed bly dit steeds waar. Selfs in die teëspoed en lyding van die Here Jesus was die Vader se hand steeds oor Hom, en indirek, selfs oor ons.

Toe Jesus honger was na 40 dae in die woestyn, wou Satan hom versoek om ongehoorsaam te wees. Toe het Hy Satan verjaag met Moses se woorde in die woestyn: " 'n Mens leef nie net van brood nie, maar van elke woord wat uit die mond van God kom" (Lees Matt 4:3-5).

Hierdie swaar pad van Jesus (tot by die kruis) was deel van God se versorgende hand vol manna vir u en my. Hy moes ons manna uit die hemel kom word (Joh. 6:32-33).

Laat ons dus ook blymoedig bly leef van elke woord uit die Vader se mond.

Sing Psalm 119:1, 22 en 23 Ds. K.A. Janse van Rensburg (Kaapstad)